

Vraestel 1

Afdeling A

Hardop lees

Graad 6

Huistaal

Junie 2020

Die biografie van Juanita du Plessis

Juanita is op 26 April in Windhoek gebore.

Haar pa is oorlede toe sy agt jaar oud was. 'n Oomblik wat, soos sy dit stel, "die ingrypendste in haar lewe" was. Sy voltooi haar laerskoolloopbaan by Laerskool Suiderhof in Windhoek.

Op die atletiekbaan het sy haar land verteenwoordig in hoogspring en op die netbalveld is sy vir drie agtereenvolgende jare aangewys as een van die 28 beste netbalspeelsters in Suid-Afrika.

Na skool is sy getroud met Doepie. Hul drie kinders, Ruan en 'n tweeling, Mario en Franja, het die Du Plessis-gesin voltooi.

Sy het haar eers as 'n sekretaresse bekwaam en by 'n vervoermaatskappy gewerk.

In 1994 word 'n liedjieskryfkompetisie in Namibië gehou en Juanita skryf drie van haar liedjies in. Al drie eindig onder die top 10.

In 1998 word haar eerste album (*Juanita*) uiteindelik in Johannesburg opgeneem.

Juanita het eers in 2001 werklik roem verwerf. Haar album *Ek en Jy* het goue status bereik. Haar liedjie *Skarumba* was 'n reuse-treffer.

Almal Verstaan Afrikaans

R Ferreira en M van den Heever

Macmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk, 2012

Rubriek

Vloeiend lees en pousering:	1	2	3	4	5
Beklemtoning en stembuiging:	1	2	3	4	5
Uitspraak en hoorbaarheid:	1	2	3	4	5

Totaal:15

/15

Vraestel 1**Afdeling B****Luister en praat****Graad 6****Huistaal****Junie 2020****Die wegraak van die bont by**

Pa was 'n byeboer duisend. Vir werk was hy nie bang nie. Ja-nee, daar was nie nog so 'n byeboer soos hy nie. Die hele plaas was eintlik toe onder die korwe. Ons het nie eens geweet hoeveel korwe daar was nie. Daarom het ons die bye maar getel en deur tienduisend-en-een gedeel, want Pa sê altyd: "Daar is tienduisend bye in 'n swerm en dan moet jy die koningin ook bytel." En om net seker te maak dat geen by wegraak nie, het ons hulle gebrandmerk: PB op die linkerboud. Dit staan natuurlik vir "Pa se By."

Op 'n oggend kom ek agter dat die bont by met die wit voorpoot weg is. "Gaan soek hom," sê my pa. En weg is ek om die haan te gaan opsaal vir my reis. So ry ek toe amper drie dae op soek na die by wat weggeraak het. Die spoorsny was nie te moeilik nie, want die by was beslaan en het skoene gedra. Ons kom toe by 'n seekoeigat, maar gelukkig was daar 'n eiland in die middel van die water. Die haan het opgewonde in die water gespring en so woes met sy vlerke geroei dat hulle soos seile in die wind gespan het en soos kanonskote geklap het wanneer hulle die water tref. Hy het dan so na die by verlang.

Op die eiland aangekom, gewaar ek 'n man wat ons by voor sy ploeg ingespan het. "Jy kom seker julle by haal? Wat 'n flukse werker!" sê hy en bring die by vir my. Ek het die by opgesaal, die hoenderhaan agter hom vasgemaak en die terugtog huis toe aangepak.

- 1 Verskaf slegs EEN rede waarom jy sou sê dat die bostaande luisterteks nie geloofwaardig is nie. /1
- 2 Noem EEN karakter wat in die bostaande wolhaarstorie optree. /1
- 3 Luister na paragraaf 1. Oor watter goeie karaktereienskap beskik die pa? /1
- 4 Luister na die laaste paragraaf. Bespreek die ruimte. /1
- 5 Reken jy dat die haan maar te bly was toe hy die by op die eiland gewaar het? Verskaf die rede vir jou antwoord. /1

Totaal:5 /5

Bespreek die bostaande luisterteks en gee aandag aan die volgende:

- Waarom jy sou sê dat die bostaande luisterteks 'n voorbeeld van 'n wolhaarstorie is? Verskaf VYF redes.
- Dui aan waar die luisterteks sy klimaks bereik. Verskaf ook die rede waarom die luisterteks juis hier sy klimaks bereik.
- Voorsien die bostaande luisterteks van 'n slot.

Rubriek

Pousering, beklemtoning en stembuiging: 1 2 3 4 5

Hoorbaarheid, uitspraak en met oorgawe: 1 2 3 4 5

Totaal: 10 /10

1 **Die instruksieteks: Maak 'n glinsterende Melkweg**

Benodigdhede

- Koerantpapier
- Swart karton
- Wit kryt
- Gom
- Blinkertjies
- Papierstrooisels

Metode

- 1 Plaas die opgevoude koerantpapier uit op die plek waar jy gaan werk.
- 2 Plaas die swart karton plat op die koerantpapier.
- 3 Gebruik die wit kryt en maak rofweg 'n tekening van die Melkweg.
- 4 Smeer die gom egalig op jou tekening.
- 5 Strooi die blinkertjies en papierstrooisels liggies oor die gom.
- 6 Skud die karton versigtig om die los deeltjies af te skud.

Platinum Afrikaans Huistaal

J Biesenbach, A Engelbrecht, C Henning, L Hofmeyr, A le Roux, W Louw,
M Mihai, J Van Lill, R van Oort, R van Rooy
Maskew Miller Longman (Edms) Bpk, 2012

- 1.1 Verskaf die rede waarom die bostaande stappe elk met die werkwoord in die teewoordige tyd en nie in die verlede tyd nie, begin. (1)
- 1.2 Verskaf slegs EEN rede waarom jy sou sê dat die bostaande instruksieteks wel realisties is. (1)
- 1.3 Verduidelik hoe die toepassing van die bostaande opdragte lei tot die voorstelling van die "glinsterende Melkweg". (1)
- 1.4 Noem enige slegs EEN ding wat ons benodig om 'n glinsterende Melkweg te maak. (1)
- 1.5 Verskaf die rede waarom stappe 5 & 6 nie omgeruil kan word nie. (1)
- 1.6 Verskaf die rede waarom elke opdrag met 'n werkwoord begin en nie met die voornaamwoord "jy" en die hulpwerkwoord "moet" nie. (1)

Totaal: 6

/6

2 Die biografie: David Kramer

David Kramer is op 27 Junie 1951 in Worcester gebore. Hy is 'n gewilde Suid-Afrikaanse kunstenaar wat oor die hele land bekendheid verwerf het vanweë sy eiesoortige rooi velskoene (of vellies) en sy prominente rol in die Volkswagenadvertensies van die 1980's en 1990's.

Kramer tref die openbare oog eers in die vroeë jare tagtig, as blikkitaarspeler en bekfluitjieblaser. Die liedjie waarmee hy egter bekendheid regoor Suid-Afrika verwerf het, was "Hak Hom Blokkies". Volgens hom het hierdie liedjie sy lewe verander, want hy het oornag bekendheid verwerf. Dit is oor die radio en selfs op die TV gespeel.

Kramer het daarna voltyds op sy musiekloopbaan begin konsentreer.

In 1971 is hy Engeland toe om as uitruilstudent aan Leeds Universiteit tekstielontwerp te studeer. Dit is hier waar hy stadig sy aandag op volksmusiek begin fokus het.

Met sy terugkoms in Suid-Afrika het hy by verskeie klubs en op kampusse opgetree. In 1981 is sy eerste album *Bakgat* uitgereik. Kramer het 'n nuwe kreatiewe uitlaatklep gevind deur met wyle Taliep Petersen saam te werk. Hierdie vennootskap het gelei tot die wegholtreffer *District Six – The Musical*.

Kramer sê sy liedjies word meestal deur die visuele geïnspireer. Hy besoek veral kunsgalerye (met 'n notaboek in die hand) op die plekke waar hy kom. "Ek hoor nie musiek in my kop nie. Ek sien eers die prentjie, dan kom woorde en eers dan die musiek."

Platinum Afrikaans Huistaal

J Biesenbach, A Engelbrecht, C Henning, L Hofmeyr, A le Roux, W Louw, M Mihai, J Van Lill, R van Oort, R van Rooy
Maskew Miller Longman (Edms) Bpk, 2012

- 2.1 Noem slegs EEN musiekinstrument wat David Kramer kan bespeel. (1)
- 2.2 Verskaf die rede waarom ons nie 'n storielyn in die bostaande stukkie wat oor David Kramer handel, aantref nie. (1)
- 2.3 Noem op TWEE plekke waar David Kramer gedurende die 1970's en 1980's opgetree het. (2)
- 2.4 Hoe het David Kramer te werk gegaan by die skrywe van liedjies? (3)

Totaal: 7

17

3 Gedig: Bibberkind Barney

- 1 Bibberkind Barney is 'n daklose seun,
hy bedel by karre in die ysige reën.
Vingers is dom van die vreeslike koue,
Klere is toiings, verslete sy moue.
- 2 Bibberkind Barney huil trane met tuite
en smeeek by die mense se bottoe ruite.
"Seblief, my madam, net 'n klein brokkie brood,
ek survive nie, my madam, my mamma is dood."
- 3 "Jy snuif tog net gom, julle kinders is sleg,"
sê mense in karre wat deur die verkeer vleg.
"Hoekom werk jy nie, hoekom gaan jy nie skool nie?
Gee pad voor my, gaan kruip terug in jou hool!"
- 4 Bibberkind Barney, 'n daklose seun,
moet bedel en pleit in die ysige reën.

Uit: *Nuwe Kinderverseboek*

Geneem uit: *Almal Verstaan Afrikaans*
R Ferreira, M Van den Heever
Maccmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk, 2012

- 3.1 Hoe hou die titel van die gedig verband met die inhoud van strofe 1? (1)
- 3.2 Wat leer ons meer omtrent Barney? Noem slegs EEN ding. (1)
- 3.3 Watter lelike karaktereienskap van die mens kom in strofe 3 na vore? (1)
- 3.4 Skryf die woorde in die laaste strofe neer waar ons eindrym aantref. (1)
- 3.5 Hoe word die omstandighede waarin die seun hom tans bevind en hoe hy die vrou in strofe 2 versreël 3 en 4 sien deur die toepassing van middelrym uitgebeeld? (1)
- 3.6 Bespreek die stemming van hierdie gedig. (1)

Totaal: 6

/6

4 Fabel: Die hond en die been

Op 'n goeie dag sluip 'n hond by 'n slaghuis in en gaps 'n vet, geurige been. Terwyl hy hom uit die voete maak, gewaar die slagter hom. "Kom terug, jou niksnuts," skreeu hy. "Kom terug!"

Die hond maak spore toe hy die slagter se kwaai stem hoor. So vinnig as sy bene hom kan dra, hardloop hy by die dorpie uit en kies koers na die platteland. Hy hardloop so ver en so vinnig dat hy gou moeg word. "Dit help nie," hyg hy toe hy by 'n bruggie oor 'n stroom kom. "Ek moet eenvoudig rus." Uitasem stap hy stadig tot op die brug.

"Die water lyk darem verfrissend," dink hy. "Dis presies wat 'n warm, dors hond nodig het." Toe, skielik rek hy sy oë van verbasing. "Ongelooflik! Daar's 'n lelike dierasie daar onder – en in sy bek het hy 'n been wat nog groter is as myne!"

Hy knor kwaai. "Na alles wat ek deurgemaak het, verdien ek die grootste been. En ek gaan dit kry ook!"

Dreigend maak hy sy bek oop om te blaf - en toe hoor hy 'n geplons. Die been het uit sy bek in die water geval.

Die water word kalm. Toe sien die dom hond dat die hond in die stroom ook sy been verloor het. Toe eers besef hy wat gebeur het. "Ag nee!" huil hy. "Ek het na my weerkaatsing in die water gekyk. Hoe kon ek so dom gewees het – en so gulsig? Nou't ek glad nie 'n been nie!"

Geneem uit: *Almal Verstaan Afrikaans*
R Ferreira, M Van den Heever
Macmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk, 2012

- 4.1 Wie is die hoofkarakter in hierdie fabel? (1)
- 4.2 Verskaf slegs EEN rede waarom jy sou sê dat die bostaande storie 'n voorbeeld van 'n fabel is. (1)
- 4.3 Watter morele les leer jy uit die bostaande fabel? (1)
- 4.4 Noem op slegs EEN plek waar hierdie verhaal hom afspeel. (1)
- 4.5 Verskaf die rede waarom die hond met die been weggehardloop het. (1)
- 4.6 Reken jy dat hierdie fabel geloofwaardig is? Verskaf slegs EEN rede vir jou antwoord. (1)

Totaal: 6 /6

GROOT TOTAAL: 25

Vraestel 2

Afdeling B

Taal in konteks

Graad 6

Huistaal

Junie 2020

Vader Frans Claerhout was 'n bekende skilder en beeldhouer. Hy het ook gedig.	1
Hy is in België gebore. In die 1900's het hy na <u>Suid-Afrika</u> gekom. Hy het hom in	2
Thaba 'Nchu en later in Tweespruit gevestig. Hy het tuisgevoel in die Oos-Vrystaat	3
tussen die sonneblomlande, goue velde en diepblou lug. Hierdie liefde kan jy in baie	4
van sy werke sien.	5
Hy het graag met <u>eenvoudige</u> lyne en baie kleur gewerk. Klein dingetjies soos 'n	6
kruiswa vol hout en eenvoudige mense was vir hom belangrik. Deur hulle het hy	7
emosies soos liefde, vreugde en <u>eensaamheid</u> uitgedruk. Hy het graag donkies met	8
ekstra lang ore en lang nekke geteken. <u>Hy het altyd in die veld gaan sit en hulle as</u>	9
<u>sy modelle gebruik.</u>	10
Sy skilderye was uniek. <u>Hy het nou wel nie warmpies daarin gesit nie</u> , maar hy het	11
baie <u>vreugde</u> in sy werk gevind. Om gelukkig in sy werk te wees, was vir hom baie	12
belangriker as 'n stewige bankbalans.	13
Vader Frans Claerhout se lewe was om ander te help. Hy het dit altyd as sy plig	14
geag om mense met gebroke harte te troos.	15

Kroonsteen-reeks, Lekker lees en leer

Fanie Viljoen & Marita van Aswegen

- 1 Gee die basiswoord vir die onderstreepte woord in reël 8. (1)
 - 2 Skryf die sterk verlede deelwoord in reël 15 neer. (1)
 - 3 Skryf die bywoord in reël 14 neer. (1)
 - 4 Skryf die onderstreepte sin in reëls 9 en 10 in die ontkennende vorm. (1)
 - 5 Gee die betekenis vir die onderstreepte idioom in reël 11. (1)
 - 6 Gee die afkorting vir die onderstreepte woord in reël 2. (1)
 - 7 Skryf die samestelling in reël 13 neer. (1)
 - 8 Skryf die abstrakte selfstandige naamwoord in reël 4 neer. (1)
 - 9 Skryf slegs EEN bywoordelike uitbreiding van plek in paragraaf 1 neer. (1)
 - 10 Skryf die onderwerp in reël 8 neer. (1)
 - 11 Skryf die gesegde in reël 6 neer. (1)
 - 12 Gee die antoniem vir die onderstreepte woord in reël 6. (1)
 - 13 Gee die sinoniem vir die onderstreepte woord in reël 12. (1)
 - 14 Verbind die onderstaande sinne met mekaar deur gebruik te maak van die voegwoord tussen hakies. (1)
- Vader Claerhout was bekend vir sy skilderye. Hy was nederig. (tog) (1)
- 15 Dui aan of die bostaande sin 'n voorbeeld van 'n saamgestelde- of veelvoudige sin is. (1)

Totaal: 15
Vraestel 3

Skryf

Junie 2020

/15

Graad 6

Huistaal

Skryf 'n biografie van 120-140 woorde oor enige sportheld / filmster / sanger/ bekende persoon.

Rubriek

Inhoud, chronologie & onderwerpgebonde:	1	2	3	4	5
Beskrywings, hoogtepunte & gebeure:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, idiome, woordeskat, punktuasie & spel:	1	2	3	4	5
Beplanning, paragrafering & skryfstyl:	1	2	3	4	5

Totaal: 20

/20

EN

Skryf 'n instruksieteks van 60-80 woorde oor EEN van die onderstaande onderwerpe.

Hoe om 'n slaai te maak.

Hoe om koffie te maak.

Hoe om 'n boom te plant.

Hoe om jou pa se kar te was.

Hoe om 'n collage te maak.

Hoe om 'n vuur aan te pak en vleis te braai.

Of

Dui die instruksies in 60-80 woorde aan wat gevolg moet word om 'n WhatsApp of SMS te stuur.

Rubriek

Uitleg & chronologiese opeenvolging van instruksies:	1	2	3	4	5
Oorredende teks, taalgebruik, woordorde & spel:	1	2	3	4	5

Totaal: 10

/10

MemorandumVraestel 1Afdeling BGraad 6HuistaalJunie 2020Luisterteks

- 1 Bye word nie gebrandmerk nie. / 'n Mens kan nie op 'n haan ry nie. /
Bye kan nie skoene dra nie. / Bye kan nie 'n ploeg trek nie. /
'n Mens kan nie op die rug van 'n by ry nie (**enige antw is aanvaarbaar**). (1)
- 2 Die seun / die hoenderhaan / die by / die boer (**enige antw is aanvaarbaar**). (1)
- 3 Hardwerkendheid / pligsbesef (**enige antw is aanvaarbaar**). (1)
- 4 Op die eiland. (1)
- 5 Ja. Hy het dadelik ingespring en kon nie vinnig genoeg swem om by die
by te kom nie. Hy was ook opgewonde. (1)

Totaal:5Bespreking

- Die boer het sy bye gebrandmerk om sodoende te verseker dat nie een sou wegraak nie. Toe die een met die wit voet wegraak, het die seun dadelik die hoenderhaan opgesaal en die by gaan soek. Dit sou nie moeilik wees om die by in die hande te kry nie, aangesien dit seker die enigste by is wat skoene gedra het. Toe hulle op die eiland aankom, moes hulle sien hoe die boer die by voor die ploeg ingespan het en hoe hy die ploeg trek.

Met hulle terugtog het die seun op die by se rug gery. Die by het die hoenderhaan getrek, aangesien hy nie so vinnig kon vlieg soos die by nie.

- Toe hulle by die seekoeigat aankom en die by op die eiland gewaar. Die vraag ontstaan nou hoe hulle die by sou bereik en hoe hulle die by weer by die huis sou kry.
- Die slot kan met een van die onderstaande verband hou:
Dit wat langs die pad met hul terugtog gebeur het.
Hulle aankoms op die plaas.
Hoe die boer hul ontvang het.
Die optrede van die boer.
Die optrede van die ander bye. (**Slegs EEN.**)

(Enige ander aanvaarbare antwoord.)

Bespreking: 10

Luisterafdeling: 5

GROOT TOTAAL: 15

1 Die instruksieteks

Die werkwoord dui aan watter instruksie uitgevoer moet word. Hierdie instruksie word in die teenwoordige tyd gevolg om die eindproduk te verkry. Indien die instruksie in die verlede tyd gevolg sou word, dui dit daarop dat daar nie 'n opdrag gegee word nie, maar dat die opdrag reeds uitgevoer is. (1)

1.2 'n Mens kan die opdrag om die Melkweg voor te stel, uitvoer **(enige ander aanvaarbare antwoord)**. (1)

1.3 Deur hierdie opdragte chronologies te volg en toe te pas, lei tot die voorstelling van die Melkweg. (1)

1.4 Koerantpapier / swart karton / wit kryt / gom / blinkertjies / papierstrooisels **(slegs EEN van die bostaande is aanvaarbaar)**. (1)

1.5 'n Mens kan tog nie die oortollige blinkertjies en papierstrooisels afskud, alvorens al die blinkertjies en papierstrooisels geplak is nie. (1)

1.6 Die opdrag word nie slegs aan jou gegee nie. Die opdrag kan op verskeie geleenthede aan verskeie mense gegee word. Dus, die onderskeie stappe wat gevolg moet word, word deur die persoon wat die Melkweg wil voorstel, gevolg. (1)

Totaal: 6

2 Biografie: David Kramer

2.1 'n Blikkitaar / 'n Mondfluitjie **(Slegs EEN.)** (1)

2.2 Aangesien dit nie 'n storie is nie, maar 'n biografie. (1)

2.3.1 By klubs.

2.3.2 Op kampusse. (2)

2.4. Hy sien eers die prentjie waaroor die lied sal gaan en dan sal die woorde wat gesing word volg. Daarna word die liedjie getoonset. (3)

Totaal: 7

3 Gedig: Bibberkind Barney

3.1 Barney bibber van die koue, aangesien hy in die ysige reën staan en bedel. (1)

3.2 Hy is 'n honger seun wat nie 'n huis het nie. / Hy dra verslete klere. / Hy bedel. / Hy is 'n weeskind. / Hy voel aangewese op ander se hulp om te kan oorleef **(slegs EEN van die bostaande antwoorde of enige aanvaarbare antwoord)**. (1)

3.3 Hoogmoed / Neerhalendheid **(Enige aanvaarbare antwoord.)** (1)

3.4 seun reën (1)

3.5 Hy sien die vrou as die persoon wat sy honger kan stil soos sy ma altyd vir hom kos gegee het. Dus, hy sien die vrou as 'n ma vir hom. (1)

3.6 Die stemming is neerslagtig, aangesien die eensaamheid en verlorenheid van hierdie seun hier uitgebeeld word. (1)

Totaal: 6
Memorandum

Vraestel 2

Afdeling A

Graad 6

Huistaal

Junie 2020

4 Fabel: Die hond en die been

- 4.1 Die hond is die hoofkarakter. (1)
- 4.2 Die hond kan praat. / Ons leer 'n morele les hier.
Dis onrealisties. / 'n Dier tree as die hoofkarakter op **(slegs EEN antwoord)**. (1)
- 4.3 Dat ons nie mag steel nie. / Ons moenie selfsugtig wees nie. /
Ons moenie altyd net die beste wil hê nie. / Ons moet tevrede wees met dit wat ons
het **(enige van die bostaande antwoorde of ander aanvaarbare antwoord)**. (1)
- 4.4 By 'n slaghuis in die dorp. / By 'n bruggie oor 'n stroom **(slegs EEN antwoord)**. (1)
- 4.5 Hy was honger en was bang dat die slagter die been sou afneem. /
Hy was bang dat die slagter hom kon seermaak **(enige van die bostaande
antwoorde of 'n ander aanvaarbare antwoord)**. (1)
- 4.6 Ja. 'n Hond kan 'n been gaps. / 'n Hond kan met 'n been weghardloop. /
'n Slagter kan vir 'n hond kwaad wees as hy 'n been uit die slaghuis gaps
(enige van die bostaande antwoorde of 'n ander aanvaarbare antwoord).

Of

Nee. 'n Hond kan nie praat nie. (1)

Totaal: 6

GROOT TOTAAL: 25

Memorandum

Vraestel 2

Afdeling B

Graad 6

Huistaal

Junie 2020

- 1 eensaam (1)
- 2 gebroke hart (1)
- 3 altyd (1)
- 4 Hy het nooit in die veld gaan sit en hulle as sy modelle gebruik nie. (1)
- 5 Hy was nie ryk nie. (1)
- 6 SA (1)
- 7 bankbalans (1)
- 8 liefde (1)
- 9 Hy is in België gebore. / In Suid-Afrika /
Hy het hom in Thaba 'Nchu gevestig. / Hy het hom in Tweespruit gevestig. /
Hy het tuisgevoel in die Oos-Vrystaat. /
Hy het tuisgevoel tussen die sonneblomlande (**slegs EEN van die bostaande**). (1)
- 10 Hy (1)
- 11 Hy het graag met eenvoudige lyne en baie kleur gewerk. (1)
- 12 moeilike / ingewikkelde (**Albei is aanvaarbaar.**) (1)
- 13 genot (1)
- 14 Vader Claerhout was bekend vir sy skilderye, tog was hy nederig. (1)
- 15 'n Veelvoudige sin. (1)

Totaal: 15

Naslaanbronne

Vraestel 1

Afdeling A

Haroplees

Die biografie van Juanita du Plessis

Almal Verstaan Afrikaans
Macmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk 2012

R Ferreira, M van den Heever

Vraestel 1

Afdeling B

Luister en praat

Die wegraak van die bont by

Platinum Afrikaans Huistaal
J Biesenbach, A Engelbrecht, C Henning, I Hofmeyr, A le Roux, W Louw,
M Mihai, J van Lill, R van Oort, R van Rooy
Maskew Miller Longman (Edms) Bpk 2012

Vraestel 2

Afdeling A

Begriplees

Die instruksieteks: Maak 'n glinsterende Melkweg

Platinum Afrikaans Huistaal
J Biesenbach, A Engelbrecht, C Henning, I Hofmeyr, A le Roux, W Louw,
M Mihai, J van Lill, R van Oort, R van Rooy
Maskew Miller Longman (Edms) Bpk 2012

Biografie: David Kramer

Platinum Afrikaans Huistaal
J Biesenbach, A Engelbrecht, C Henning, I Hofmeyr, A le Roux, W Louw,
M Mihai, J van Lill, R van Oort, R van Rooy
Maskew Miller Longman (Edms) Bpk 2012

Gedig: Bibberkind Barney

Almal Verstaan Afrikaans
Macmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk 2012

R Ferreira, M van den Heever

Fabel: Die hond en die been

Almal Verstaan Afrikaans
Macmillan Suid-Afrika (Edms) Bpk 2012

R Ferreira, M van den Heever

Vraestel 2

Afdeling B

Taalstrukture en -konvensies

Vader Claerhout

Kroonsteen-reeks, Lekker lees en leer
Best Books, 2009

Fanie Viljoen, Marita van Aswegen